### *Die opheffing van die see van Galiléa*

**134** By die aanhoor van die gesange, sê **Jarah** in verrukking: "Meester, dit is werklik moeilik om te bepaal wat hier mooier en heerliker is, die gesang, die woorde of die glansryke duisendkleurige lig of die pragtige gestaltes van hierdie tallose eteriese sangers! Ag, nou het ek maar pas `n idee van wat nou presies die hemele van Elohim is! O, ek sou nou dadelik wil sterwe en dan na hierdie wondermooie sangers wil oorgaan! Maar sê my tog, o Meester, as U dit wil, wie en wat is hierdie glansryke sangers nou eintlik! Is hulle werklik wat hulle skyn te wees, of is dit slegs deur U vir hierdie oomblik nuut geskape wesens?"

[2] **Ek** sê: "Dit is engele en hulle was eindeloos lank gelede geskape vóór daar ook maar `n spoortjie van `n materiële skepping aanwesig was. Roep maar een en oortuig jou dat hy net soos alle ander `n heel volmaak egte wese is! Daarby moet Ek jou nog sê dat, hoe lig en eteries hy ookal daar uitsien, elkeen van hulle tog so sterk is en so `n krag en mag in hom het, dat die kleinste en swakste van hulle in `n oomblik die hele aarde so sou kon verwoes, dat daarvan ook nie die kleinste stoffie sou oorbly nie! Noudat jy dit weet, kan jy een roep en hom `n paar proewe laat uitvoer!"

[3] **Jarah** sê: "Meester, dit durf ek egter nie, want hoe onbegryplik mooi hulle ookal is, is ek tog bang vir hulle."

[4] **Ek** sê: "Maar kindjie, het Ek jou nie nou net uitgelê wat vrees is nie? Kyk, jy mag nou dus nie bang wees nie, anders sal Ek moet dink dat daar in jou hart ook nog iets wêrelds woon. Jy is nota bene by die Meester, voor wie se Naam al hierdie wesens hul knie buig, waarvoor moet jy dan bang wees?"

[5] **Jarah** sê: "Dit is natuurlik maar al te waar, maar die ongewone gesig van so `n onbeskryflike tafereel moet `n arme swak meisie tog baie van haar wysie af bring! Maar nou sal ek my wel beheers en U sal sien dat U Jarah ook sonder angs kan wees."

[6] Na hierdie woorde wink sy dadelik vir die eerste en die beste **engel**, en hy kom oombliklik swewend na haar toe en vra haar met `n baie vriendelike en liefdevolle stem: "Jarah, pragtige dogter van my Elohim, my ewige Meester, wat wens jou liewe suiwere hart van my!"

[7] `n Bietjie oorbluf deur die glans en die majesteit van die hemelbode sê **Jarah**: "Ja, ja, ja goed, die Meester, wat u hier sien, sê vir my dat elkeen van u soveel wondermagte het, en dat ek my daarvan maar moet oortuig deur `n proefneming. Maar wat kan ek u nou as proef gee as ek niks meer weet as wat ek eers in die paar dae van die Meester JaHshua gehoor het nie?!"

[8] **Die engel** sê: "Luister, mooie hemelse blom, ek sal jou in die Naam van JaHWeH dadelik uit die verleentheid help! Kyk daar benede lê die uitgestrekte en diepe see van Galiléa! Wat sou jy daarvan sê as ek haar sou ophef uit haar groot en diepe bekken, en dan in die vorm van `n groot waterbol vry in die lug ongeveer vir `n uur lank tasbaar en sigbaar sou ophang?"

[9] **Jarah** sê: "Dit sou weliswaar verskriklik wonderbaarlik wees; maar waar sou die liewe visse gedurende die tyd bly en ook die talle skepe, wat ten dele langs die oewers lê en dikwels ook op see rondvaar?"

[10] **Die engel** sê: "Ek sal daarvoor sorg dat daar geen vis en ook geen enkele boot beskadig word nie! As jy die aangebode proef wil sien, sal die voorgestelde oombliklik voor jou sweef!"

[11] **Jarah** sê: "Ja, as geen wese daarby skade gaan opdoen nie, dan mag jy dit wel doen!"

[12] **Die engel** sê: "Kyk agter jou! Die see is leeg en tot op die laaste druppel sweef al haar water nou vry in die lug, goed sigbaar vir jou oë!"

[13] **Jarah** wou na benede in die diepte kyk, maar stoot met haar voorhoof dadelik teen die koue, natte wand van die vlak naas die rotswand vry swewende waterbol, wat `n totale deursnee van ongeveer vierduisend klafter het. Toe sy dit sien, vra sy hom heel beteuterd: "Maar hoe, om JaHWeH se ontwil, kon u so iets in so `n nouliks denkbare kort oomblik gedoen het? En is die see nou wel regtig heeltemal sonder water?"

[14] **Die engel** sê: "Jarah, kom saam met my en oortuig jouself!"

[15] **Jarah** sê: "Hoe kan dit gedoen word?"

[16] **Die engel** sê: "As dit vir my moontlik was om die swaar massa water in `n oomblik op te hef, dan sal dit vir my tog ook moontlik wees om jou bliksemsnel na benede op die laagste deel van die seebodem te stel, en dan net so gou weer terug te bring! Maar jy moet dit wil, anders kan ek niks doen nie, want ons het meer ontsag vir één vonkie van die vryheid van die menslike wil as vir al ons krag en mag wat deur Elohim aan ons verleen is! Daarom moet jy eerste wil en ek sal daarvolgens handel!"

[17] **Jarah** sê: "Nou goed dan, oortuig my!"

[18] Oombliklik staan hulle op die kurkdroë diepste deel van die see, en die engel raap `n pragtige pêrelmossel op en gee dit aan Jarah ter herinnering en ter lering van alle ander, wat liggaamlik wel vas geslaap het, maar alles in `n droom te siene kry.

[19] Nadat Jarah die mossel in die ruim sak van haar romp geplaas het, vra **die engel** vir haar: "Glo jy nou dat al die water van hierdie see hulle in die groot bol bevind wat bo ons sweef, en dat die uitgestrekte seebedding heeltemal droog is?"

[20] **Jarah** sê: "Ja, ja, ek sou u sonder dit ook wel geglo het! Maar bring my nou maar weer vinnig na bo by die Meester, want sonder Hom sterf ek sommer dadelik!"

[21] Nouliks was die laaste woord uitgespreek of die liewe Jarah staan weer langs My op die top van die berg, en Ek vra haar hoe dit haar geval en wat haar mening daaroor was.

[22] **Jarah** sê: "Meester, dat U alles kan, is maar al te goed aan my bekend, maar hoe in en deur U wil ook die wil van die engel so magtig kan wees, dit sal

die engel self wel nie verstaan nie, laat staan dat ek U daaroor iets sou kon vertel! Dit is buitengewoon wonderbaarlik, maar verstaan kan ek dit nie!"

[23] **Ek** sê: "Dit is `n baie goeie en `n baie korrekte antwoord, maar in jou eie hart sal jy mettertyd ook wel vind hoe Elohim sulke dinge kan. - Hoe geval die engel jou origens?"

### *Jarah se bewys van liefde*

**135** **Jarah** sê: "Hy is wel `n onbeskryflike mooi mens, omdat hy net soos `n mens daar uitsien, maar langs U, o Meester, is alle engele en hemele met al hul lig en hul skone vorme net so goed as niks! Want al hul skoonheid is slegs maar van U af en is U Self! Tog sou ek nie daarvan kan hou nie!"

[2] **Ek** sê: "Maar is Ek dan, soos wat jy My hier sien, miskien mooier as hierdie engele? Kyk, My ruwe werkshande, My deur die son taamlik donker gebruinde vel en My leeftyd, is tog regtig nie so aantreklik nie, terwyl hierdie engel alles het wat die hemele maar mooi wil en kan noem!"

[3] **Jarah** sê: "Meester, die uiterlike tel nie vir my soos die innerlike nie, wat nie volledig soos U hart lyk nie, want U alleen is die Heer!"

[4] **Ek** sê: "Maar uit die engele straal My Liefde en My Wysheid orals regstreeks uit, wat heeltemal na My lyk. As jy dus slegs om My Liefde van My hou, hoewel Ek die Heer is, dan sien Ek nie in waarom jy hierdie pragtige engel nie net so lief kan hê soos vir My nie, want hy is tog slegs uit My Liefde en Wysheid saamgestel!?"

[5] **Jarah** sê: "Meester, my liefde en my lewe. Uit daardie twee lewenselemente is die mense ook saamgestel, en tog kan ek hulle nie so bo alles liefhê soos vir U nie! Ja, ek hou sekerlik van alle mense en die meeste van die behoeftiges, en sover my geringe kragte reik, doen ek altyd alles om aan die armes hulp te verskaf, maar tog kan ek hulle nie so liefhê soos vir U nie. En ook hou ek van hierdie liewe engel, maar tog behoort my hart en my lewe aan U! Slegs wanneer U, o Meester, my suiwere liefde vir U, hard sou afwys, dan sou ek egter baie bedroef word, maar ek sou dink: Hy, die Reinste, die mees heilige het miskien jou liefde wat nog te onrein was vir Hom, nie waardig gevind nie en het haar daarom afgewys!"

[6] Na hierdie woorde begin **die kleintjie** te huil en sê saggies snikkend: "En so sal dit ook wees! Ek het my met my liefde te ver gewaag en bedink nie in my naïwiteit wie Die EEN is wat my hart so in beroering gebring het nie. Daarom wys U te heilige liefde my nog baie te onreine liefde heel sag af en gee my `n engel, wat my hart eers moet reinig en moet opvoed vir `n meer heilige liefde. Dit verskaf my geweldig pyn, maar ek weet dat U alleen Meester is, en dus sal ek regtig alles dra wat U my wil oplê."

[7] **Ek** sê: "O My lief, hoekom verwyt jy in jou liefde jouself nodeloos! **Wie My nie net so liefhet soos jy nie, en ook maar iets ter wêreld meer liefhet as vir My, is My liefde nie werd nie**. Maar jy met jou hart wat haar deur alle engele van die hemele nie van My laat afkeer nie, het My, jou Elohim en Meester, selfs in gelyke mate lief as die engele van die hemele, en daarom is jy lankal self `n pragtige engel, wat Ek Self besonder liefhet! Kom aan My hart en haal daaruit die volledige skadeloosstelling vir hierdie klein toets!"

[8] Na hierdie woorde is die kleintjie weer heeltemal genees en kruip so dig moontlik teen My aan.

[9] Toe sê **die engel**: "O saligheid van alle salighede! Wat beteken alle hemele by die gesig van so `n liefde?! Ons volmaakte geeste het weliswaar al so eindeloos baie salighede genoem, dat die getal daarvan deur geen tong meer uitgespreek sou kon word nie, maar al die tallose genoemde hoogste verrukkinge is niks vergeleke met hierdie, waar U, o heilige Vader, U kind in U arms neem en dit met sigbare opperste liefde aan U heilige hart druk! O, watter onuitspreeklike verrukking moet die kind nou gewaarword!?"

[10] **Ek** sê: "Ja, die verrukking is vir hierdie kind baie groot, maar ook vir My. Na die voleinding sal julle dit ook smaak as julle almal aan die tafel van My kinders geëet het! Maar laat die water nou weer sy plek inneem! Daarna sal hierdie kind van My vir jou `n ander opdrag gee."

[11] Terwyl ek My mond na die oorgelukkige hofie van Jarah wend, sê **Ek**: "Nie waar nie, My Jarah, jy help My wel om My engele werk te besorg?!"

[12] **Die kleintjie** antwoord met `n van liefde vervulde en kinderlik onskuldige sagte stem: "O ja, vir U doen ek alles ontsettend graag! U hoef dit maar te sê - en ek stort my terwille van U in elke vuur, en ook van die hellings van hierdie berg na benede in die see, as dit weer daar is."

[13] **Ek** sê: "En tog sou geen aardse vuur jou nog kon brand of vernietig nie, want jy is self al gevul met die sterkste en magtigste vuur! Ook klippe en water sou jou nooit kwaad kan doen nie, **want jou vastheid van wil binne My orde is harder as `n diamant en jou hart is sagter as al die water van die hemele!** Kortom, jy het al `n plek in My hart verower en Ek gee jou daarom die vryheid om die engel iets te sê wat hy moet uitvoer, en hy sal dit uitvoer asof Ek dit Self opgedra het. Bedink nou dus `n opdrag en gee dit aan die engel, wat al heel verlangend wag om van jou hart `n opdrag te kry. Wens maar iets, en alles sal oombliklik ten uitvoer gebring word!"

[14] **Jarah** sê: "Liewe bode uit die hemel, maak in die Naam van JaHWeH, as dit sonder skade gedoen kan word, dat hierdie berg, wat op natuurlike wyse te moeilik te bestyg is, maklik en sonder gevaar na bo en na benede begaanbaar sal wees, ook aan die kant van die see, waar hy andersins net maar vir voëls toeganklik is!"

[15] **Die engel** maak net `n heel sierlike buiging voor die kleine Jarah en sê: "O glansryke gebiedster in Naam van die Meester! Kyk slegs na alle sye van die berg en jy sal seker tevrede met my wees! Kyk, by tye is ons wel langsaam in ons dade, maar as dit nodig is ook vinniger as die bliksemstraal!"